Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 25 MAART 2010 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh A Johnson
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Atkins, A J (DA)	Sedeman, A C (OD)
Cleophas, J H (DA)	Sneewe, A M (ANC)
Du Plooy, R J (DA)	Solomons, C W (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Stanley, B J (DA)
Loxton, J (DA)	Stemele, O M (ANC)
Nqokoto, N E (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Rust, N J A (DA)	Wilskut, W (DA)
Schoor, E (ANC)	

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha

1. OPENING

Ds S Thiart van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Swartland-Noord open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B W Geel en J D van Wyk.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan mnr A von Wielligh van die Kantoor van die Provinsiale Tesourier.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Maart verjaar.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 FEBRUARIE 2010

BESLUIT/...

4.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl R J du Plooy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou 25 Februarie 2010 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. SAKE VIR BESPREKING

6.1 AANVAARDING VAN DIE OORSIGVERSLAG OP 2008/09 JAARVERSLAG (7/1/1/1 MY)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2008/09 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 28 Januarie 2010 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die sluitingsdatum vir kommentaar was 4 Maart 2010 en is geen ontvang nie. Die oorsigkomitee het vervolgens op 11 Maart 2010 vergader ten einde 'n Oorsigverslag saam te stel, wat met die sakelys gesirkuleer is.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl R J du Plooy, gesekondeer deur rdl J Loxton)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2008/09 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2008/09 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat uitvoering gegee word aan die korrektiewe stappe soos uitgespel in paragraaf 3 van die Oorsigverslag;

(e) Dat die 2008/09 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

6.2 GOEDKEURING VAN KONSEP 2010/2011 GOP JAARPLAN (2/1/4/4/1 MY)

Ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 moet die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) jaarliks hersien word om die veranderende omstandighede en die resultate van die Munisipaliteit se prestasie-evaluering in ag te neem.

Die Konsep GOP Jaarplan word deur die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen ter tafel gelê en word deur die Speaker tot stemming gebring.

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl J Loxton, gesekondeer deur rdl J H Cleophas)

(a) Dat die 2010/2011 GOP Jaarplan asook die wyksplanne vir die onderskeie wyke voorwaardelik goedgekeur word, onderhewig aan 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses/...

6.2(a)/...

verfyningsproses gedurende April en Mei deur middel van publieke deelname, waarna dit voorgelê sal word vir finale goedkeuring gedurende Mei 2010 nadat publieke insette oorweeg is;

(b) Dat kennis geneem word van die vrae deur raadslede, maar dat 'n werkwinkel op versoek van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen gereël word om die dokument volledig deur te gaan [*verwys item 6.3(n)]*.

6.3 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING VIR 2010/2011, 2011/2012 EN 2012/2013 (5/1/1/1-2010/11, 5/1/1/2-2010/11, 5/1/4)

Die meerjarige konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir 2010/2011, 2011/2012 en 2012/2013 het voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 Maart 2010 gedien en word aan die Raad voorgelê vir oorweging.

Rdh T van Essen, in sy begrotingsvoorwoord (wat volledig by hierdie notule as Bylae A aangeheg is) lig etlike aspekte uit wat hom tot kommer stem en versoek dat die bestuurspan daadwerklik sal besin oor potensiële besparings in die begroting, om die nodige aanpassings vir doeleindes van die 30 dae begroting te kan doen.

Hy noem verder spesifiek, met verwysing na die aankondiging van 'n elektrisiteits-verhoging van 28,9% deur ESKOM, dat die Raad noodgedwonge 'n tariefverhoging van 24% sal moet implementeer. *(Die effek van die verhoging op die onderskeie verbruikers van die Munisipaliteit word apart gesirkuleer.)*

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word met spesifieke verwysing na die voorgestelde 24% verhoging van die elektrisiteitstarief, welke voorstel deur rdl M S I Goliath gesekondeer en met 15 stemme ten gunste daarvan (en drie daarteen) beslis word. *[verwys paragraaf (c) van die besluit hieronder]*

Na afloop van 'n bespreking rakende die elektrisiteitstarief, word die ander aanbevelings in die verslag ook deur die Uitvoerende Burgemeester voorgestel vir aanvaarding, welke voorstelle met 16 stemme ten gunste daarvan beslis word. Twee raadslede bly buite stemming.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh N J A Rust)

(a) Dat die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting in beginsel goedgekeur word, onderskeidelik ten bedrae van en uit die volgende bronne van finansiering:

				Geskiedenis:	Tans:
(1)	Kapitaalbegroting	:	2009/2010	R 56 128 000	R 0
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:				
			2009/2010	R 66 263 950	R 0
	Kapitaalbegroting	:	2010/2011	R 55 024 500	R 83 603 200
	Kapitaalbegroting	:	2011/2012	R 54 570 500	R 95 547 000
	Kapitaalbegroting	:	2012/2013	R 0	R 80 753 400
(2)	Bedryfsbegroting	:			
	Inkomste	:	2009/2010	R 259 988 118	R
		:	2010/2011	R 296 057 526	R 346 357 468
		:	2011/2012	R 331 635 631	R 368 141 430
		:	2012/2013	R	R 415 943 360
	Uitgawe	:	2009/2010	R 254 773 226	R 299 118 396
		:	2010/2011	R 286 622 241	R 318 033 580
		:	2011/2012	R 323 866 130	R 356 572 465
		:	2012/2013	R	R 407 753 005
	Surplus i.t.v. GRAP	:	2009/2010	R 5 214 892	R 27 823 707
		:	2010/2011	R 9 435 285	R 21 430 693
		:	2011/2012	R 7 769 501	R 4 216 042
		:	2012/2013	R	R (170 974)

6.3/...

(b) Dat die begrotingsbedrae weens openbare vergaderings nie as finaal aanvaar word nie, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde effek van ‘n tariefverhoging op ‘n huishouding nie;

(c) Dat die Raad kennis neem van die tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 28,9% soos deur NERSA voorgeskryf, en dat – ten spyte daarvan die Raad reeds gedurende Januarie 2010 besluit het dat verhogings slegs tot 12% as aanvaarbaar beskou word inaggenome die huidige ekonomiese klimaat – die Raad onder protes die elektrisiteitstarief met 24% verhoog, met die uitsondering van sekere tariewe soos aangeheg. Kennis word verder geneem van die verwagte verhogings van 24% vir 2011/2012 en 24% vir 2012/2013 en dat die onvoorsiene verhogings oor die afgelope finansiële jaar en die verwagte toekomstige verhogings ‘n groot impak op die debiteure rekeninge sal hê, met die gevolg dat debiteure nie hul diensterekeninge sal kan betaal nie. Verder word aanbeveel dat die voorgestelde elektrisiteitsverhoging ook aan NERSA gestuur word vir finale goedkeuring en dat laasgenoemde ingelig word dat verbruikers nie langer in ‘n finansiële posisie is om die onbekostigbare verhoging in elektriese tariewe te kan betaal nie;

(d) Dat die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting ten aansien van die 2010/2011 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –

- Belastings;
- Tariewe;
- Projeksies van kontantvloei (wat einde Mei 2010 beskikbaar sal wees);
- Begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – (beskikbaar Mei 2010)
  - (ii) Tariefbeleid – (beskikbaar Mei 2010)
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – (beskikbaar Mei 2010)
- Besonderhede ten aansien van beleggings – (beskikbaar Mei 2010)
- Toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan – (beskikbaar Mei 2010);

(e) Dat kennis geneem word van die oorlegplegingsproses met die gemeenskap en die wykskomiteelede op 13, 14, 15, 19 en 20 April 2010;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes ingevolge betrokke wetgewing en regulasies ten opsigte van die verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat die Raad kennis neem dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie, om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(i) Dat die styging in personeelonkoste (13% vir 2009/2010, VPI plus 1,5% vir 2010/2011 en ‘n verwagte verhoging van VPI plus 2% vir 2011/2012) sowel as die implementering van TASK en oortyd en bystand wat ingevolge Kollektiewe Ooreenkomste op die Raad afgedwing word nou totaal onbekostigbaar geraak het, en die Raad nou op sy knieë dwing;

(j) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare eiendomsbelasting en diensterekeninge ‘n verdere druk op oninbare skuld (uitstaande debiteure) plaas wat weer ‘n negatiewe invloed op kontantvloei plaas wat kan meebring dat krediteure en salarisse moontlik nie betaal kan word nie. Hierdie negatiewe impak kan operasionele dienslewering erg ontwrig en later selfs tot stilstand dwing;

(k) Dat die Raad ernstig kennis neem van die begrotingstekorte vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare (2009/2010 – R16 564 179; 2010/2011 – R19 571 138; 2011/2012 – R16 927 128; 2012/2013 – R13 732 612) en dat die Bestuurspan die instruksie gegee word om metodes te vind om die begrotingstekorte te verminder vir terugvoering op die Raadsvergadering van 27 Mei 2010;

6.3/...

(l) Dat die effek wat 'unfunded mandates' het op bogemelde tekort van R19,5 miljoen by die LGMTech-vergadering op 7 Mei 2010 aan Provinsie voorgehou word;

(m) Dat die Bestuurspan 'n mandaat gegee word om 'n finansiële herstelplan aan die Raad voor te lê teen nie later nie as einde Augustus 2010, in 'n poging om 'n finansiële ondergang te voorkom;

(n) Dat 'n spesiale werksessie gehou sal word op 8 April 2010 vanaf 09:00 om die begroting en Geïntegreerde Ontwikkelingsplan volledig te behandel.

6.4 VERVANGING VAN RDL D C SLADE AS DA-VERTEENWOORDIGER OP DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD (3/1/7)

Rdl D C Slade het op 5 Februarie 2010 sy bedanking ingedien as proporsionele DA-verteenwoordiger op die Swartland Munisipale Raad.

'n Skrywe is ontvang vanaf die Provinsiale Verkiesingsbeampte waarin bevestig word dat rdl J D van Wyk, as die kandidaat boaan die DA-partylys, met ingang van 2 Maart 2010 tot die Swartland Munisipale Raad verkies is.

VIR KENNISNAME

6.5 MOSIE: RDH T VAN ESSEN, UITVOERENDE BURGEMEESTER: VERANDERING IN DIE SAMESTELLING VAN PORTEFEULJEKOMITEES EN VERTEENWOORDIGING OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES (3/2)

'n Mosie is ontvang vanaf rdh T van Essen aangaande die verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees en word die veranderings in die onderskeie komitees aan die Raad voorgehou.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J du Plooy)

(a) Dat die volgende raadslede tot die onderskeie portefeuljekomitees aangewys word, in die hoedanighede en vanuit die partye soos aangetoon en dat die Uitvoerende Burgemeester, in ex officio hoedanigheid op die komitees sal dien:

(1) Administrasie en Finansies:

Voorsitter	(DA):	rdh N J A Rust
Ondervoorsitter	(DA):	rdl R J du Plooy
Lede:		
DA:		Onderburgemeester, rdle J H Cleophas, B J Stanley, R F van der Westhuizen, W Wilskut en J D van Wyk
ANC:		rdle C W Solomons en E Schoor
ACDP:		rdl B W Geel
OD:		rdl A C Sedeman

(2) Siviele en Elektriese Dienste:

Voorsitter	(DA):	rdl J Loxton
Ondervoorsitter	(DA):	rdl J H Cleophas
Lede:		
DA:		Onderburgemeester, rdhe A Johnson en N J A Rust, rdle B J Stanley en A J Atkins
ANC:		rdle C Fortuin en N E Nqokoto
ACDP:		rdl B W Geel
OD:		rdl A C Sedeman

(3) Ontwikkeling- en Beskermingsdienste:

Voorsitter	(DA):	rdl W Wilskut
Ondervoorsitter	(DA):	rdl M S I Goliath
Lede:		
DA:		Onderburgemeester (ook ondervoorsitter), rdle R J du Plooy, R F van der Westhuizen, A J Atkins, J Loxton, J D van Wyk en rdh A Johnson
ANC:		rdle O M Stemele en A M Sneewe

6.5(a)(3)/...

ACDP: rdl B W Geel
OD: rdl A C Sedeman

(b) Dat die volgende verteenwoordigers uit die geledere van die Raad tot die onderskeie komitees en/of eksterne liggame hieronder aangewys word:

(1) Uitvoerende Burgemeesterskomitee: Onderburgemeester (deur die Raad verkies)
rdl J H Cleophas (m.i.v. 1 Junie 2009)
rdl R J du Plooy (m.i.v. 1 Februarie 2010)

(2) Weskus Distriksmunisipaliteit: (DA): rdh N J A Rust en rdl B J Stanley
(ANC): rdl O M Stemele

(3) Arbeidsverhoudingeforum / aanstellings- en opleidingskomitee:
(tov Arbeidsverhoudingeforum: drie raadslede saam met bestuurspan sal 'n kworum vorm)
(tov Aanstellingskomitee: twee raadslede saam met een lid van bestuurspan sal 'n kworum vorm)
Uitvoerende Burgemeester
Onderburgemeester
rdh N J A Rust
rdl J H Cleophas (sekunde)
rdl R J du Plooy (sekunde)

(4) GOB/PIMM's Koördineringskomitee: Uitvoerende Burgemeester en Onderburgemeester

(5) Streek Toerisme-organisasie (STO): rdl B W Geel
rdl R J du Plooy
rdl R F van der Westhuizen (sekunde vir enige van bostaande raadslede)

(6) Stortingsterrein ouditkomitee: rdh T van Essen en rdl J H Cleophas

(7) Rekenaarkomitee: rdh T van Essen

(8) Reëlskomitee: Speaker (ex officio)
rdl J H Cleophas
rdl R F van der Westhuizen
rdl M S I Goliath
rdl A J Atkins
(ANC): rdl C W Solomons
(ACDP): rdl B W Geel
(OD): rdl A C Sedeman

(9) Waterdienste Bestuurspan: rdl J Loxton (rdl A J Atkinds, sekunde)
rdl J H Cleophas (rdl R F van der Westhuizen, sekunde)

(10) Polisieforums: (Geen raadslede word deur die Raad na 'n polisieforum afgevaardig nie. Elke raadslid is egter vry om as gemeenskapspersoon die polisieforums by te woon.)

(11) Swartland Munisipale Polisiedienste se Toesighoudingskomitee:
rdl W Wilskut (voorsitter)
rdl R J du Plooy (ondervoorsitter)
rdl M S I Goliath
rdl A J Atkins
rdl B J Stanley
rdl J H Cleophas
rdl J D van Wyk
rdl B W Geel
rdl A C Sedeman
rdl N Fortuin
rdl C W Solomons

(12) Weskus Distrik Evalueringskomitee (DAC): rdh A Johnson
rdl R F van der Westhuizen
rdl J Loxton (sekunde vir enige van bostaande 2 raadslede)

6.5(b)/...

(13) Beroepsveiligheidskomitee: rdl R J du Plooy
rdl J H Cleophas (sekunde)

(14) Rampbestuurskomitee: Uitvoerende Burgemeester
Onderburgemeester
rdh A Johnson
rdl W Wilskut
rdl J H Cleophas

(15) Bate en Vlootbestuur: Onderburgemeester
rdh N J A Rust
rdl R J du Plooy (sekunde vir enige van bostaande 2 raadslede)

(16) Ontwikkelingsdienstekomitee: rdl W Wilskut (voorsitter)
Onderburgemeester
rdh A Johnson
rdl J Loxton
rdl B J Stanley
rdl R F van der Westhuizen
rdl J D van Wyk
rdl B W Geel
rdl O M Stemele
rdl A M Sneewe
rdl A C Sedeman

(17) Begrotingsbeheerkomitee:

RAADSLEDE	
Die Uitvoerende Burgemeester	rdh T van Essen
Die raadslid wat as voorsitter dien op die Administrasie en Finansies Portefeuljekomitee	rdh N J A Rust
Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir administrasie en finansies	rdl J H Cleophas
AMPTENARE	
Die Munisipale Bestuurder	Mnr J J Scholtz
Hoof Finansiële Beampte	Mnr K C Cooper
Senior bestuurders verantwoordelik vir ten minste die drie grootste begrotingsposte in die munisipaliteit	Alle direkteure
Bestuurder verantwoordelik vir begroting	-
Bestuurder verantwoordelik vir beplanning (GOP)	Mnr L Fourie
Tegniese kundiges op gebied van infrastruktuur	Ingesluit by direkteure

(c) Dat die volgende raadslede en sekundes aangewys word as verteenwoordigers van die Raad op die onderskeie werksgroepe van SALGA, saam met die beamptes soos aangetoon, en dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word:

WERKSGROEP	**RAADSLID**	**BEAMPTE**
Economic Development, Planning & Environment	Uitvoerende Burgemeester rdl R J du Plooy (sekunde)	J Scholtz J Steenkamp (sekunde)
Governance & Intergovernmental Relations & International Relations	Uitvoerende Burgemeester rdl J H Cleophas (sekunde)	J Scholtz M S Terblanche (sekunde)
Human Resource Development	Uitvoerende Burgemeester rdl M S I Goliath (sekunde)	J Scholtz M S Terblanche (sekunde)
Municipal Finance & Corporate	Uitvoerende Burgemeester rdl R J du Plooy (sekunde)	K Cooper C Gerber (sekunde)
Municipal Services & Infrastructure	Uitvoerende Burgemeester rdl J H Cleophas (sekunde)	A Botha R du Toit (sekunde)
Social Development, Health & Safety	Uitvoerende Burgemeester rdl M S I Goliath (sekunde)	J Steenkamp M Holtzhausen (sekunde)

6.5/...

(d) Dat die Raad die aanwysing van lede tot ander sub-/ad hoc-komitees van die Raad of as verteenwoordigers op andere eksterne liggame as volg goedkeur:

	KOMITEE/LIGGAAM	VERTEENWOORDIGERS	SEKUNDE
1	PROVKOM	Uitvoerende Burgemeester rdl J H Cleophas	Onderburgemeester rdl R J du Plooy
2	Taxi-/Informele Handelaarskomitee	rdl M S I Goliath, rdl W Wilskut rdl A J Atkins, rdl J H Cleophas rdl B J Stanley, rdl R J du Plooy	
3	Darling Fokus	rdh A Johnson	rdl JH Cleophas
4	MOI (Moorreesburg Ontwikkelings Inisiatief)	rdl A J Atkins	n.v.t.
5	Nagskuiling	rdl M S I Goliath	n.v.t.
6	Sportkomitees	**Malmesbury:** rdl M S I Goliath, rdl R F van der Westhuizen rdl J D van Wyk **Moorreesburg:** rdl A J Atkins **Darling/Yzerfontein:** rdh A Johnson rdl J H Cleophas **Riebeek-Wes/Riebeek Kasteel:** rdl R J du Plooy **Koringberg:** rdl J Loxton **Abbotsdale/Kalbaskraal Chatsworth/Riverlands:** rdl B J Stanley	n.v.t.
7	Ilinge Lethu e.a. veeldoelige sentrums	rdl M S I Goliath rdl O M Stemele	n.v.t.
8	Behuisingskomitee: Huurbehuising	rdl M S I Goliath rdl R F van der Westhuizen rdl A J Atkins rdl A C Sedeman rdl O M Stemele	n.v.t.
9	Museumkomitees	**Malmesbury Museum:** rdh N J A Rust, rdl R F van der Westhuizen **Koringbedryf Museum, Moorreesburg:** rdl A J Atkins **Darling Museum:** rdh A Johnson rdl J H Cleophas **Oude Kerk, Riebeek Kasteel:** rdl W Wilskut	
10	Swartland Bewaring Advieskomitee	Rdh T van Essen rdl J H Cleophas rdl M S I Goliath	rdl A Johnson

GETEKEN:
SPEAKER